



Dekker
Prokureurs - Attorneys
Boedelberedderaars / Estate Administrators

Kleine Libertas 1
Kerkstraat 33 Church Street
MOSELBAAI / BAY
6500

Posbus / P O Box 2990
MOSELBAAI / BAY
6500

Tel: 044 – 690 5653
Faks / Fax: 044 – 690 5675
E-Pos / Email: imke@idprok.co.za

Die belangrikheid van 'n geldige Testament

“Here today, gone tomorrow” is 'n frase wat die menslike bestaan op aarde die beste beskryf.

Met die sekerheid van die dood wat soos 'n vraagteken bo elkeen van ons hang, ontstaan die vraag waarom so min mense die tyd inruim om 'n testament op te stel. Redes hiervoor is onder andere besige werk skedules, baie mense is oningelig en probeer eenvoudig die werklikheid van die dood vermy deur nie daaroor te dink nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat 'n testament 'n regsdocument is wat liefers deur 'n kundige opgestel moet word ten einde enige hartseer en probleme vir u naasbestaandes te voorkom.

'n Testament moet aan sekere regsvoorskrifte voldoen om geldig te wees:

- Enige bevoegde persoon wat 16 jaar of ouer is en verstandelik bevoeg is om die uitwerking van sy handeling te verstaan, kan 'n testament opstel.
- Die testateur en twee getuies moet die testament aan die einde van elke bladsy in mekaar se teenwoordigheid onderteken.
- Die getuies moet bo die ouderdom van 14 jaar wees en moenie die testateur se gade, erfgenaam of in die hoedanigheid van eksekuteur optree nie.

'n Testament kan enige tyd gewysig word maar moet hierdie wysigings aan dieselfde vereistes as dié vir 'n geldige testament voldoen. Dit is nie nodig dat dieselfde getuies wat die oorspronklike testament onderteken het die gewysigde testament moet onderteken nie.

Dit is wenslik dat 'n testament na 'n egskeiding gewysig word, aangesien 'n nalatenskap aan 'n voormalige eggenoot nie noodwendig wegval nie. Die Wet op Testamente, 7 van 1953 bepaal dat, tensy daar spesifiek anders voorsiening gemaak word, 'n nalatenskap aan die eggenoot van wie geskei is gekanselleer word as die testateur binne 3 maande na die egskeiding sou sterf. Dit gee die geskeide persoon dus 3 maande na die egskeiding om sy/haar testament te verander.

Dit is raadsaam om nie u wense vir u begrafnisreëlings of verassing in u testament te beskryf nie. Die inhoud van 'n testament word dikwels eers na die begrafnis bekend gemaak, wat dit te laat maak om u wense uit te voer. Dit is dus beter om eerder u wense voor u dood aan naasbestaandes oor te dra.

Indien u sonder 'n testament sterf, word die boedel volgens die Wet op Intestate Erfreg, 81 van 1987 verdeel. In praktyk beteken dit dat iemand mag erf wat u dalk nie wou laat erf nie, of bates erfgename toekom wat u nie wou gehad het dit hulle moet toekom nie. Sterf 'n persoon sonder 'n testament, kan dit tot administratiewe-, belasting- en regsprobleme met moontlike geldelike verliese vir die naasbestaandes lei.

Omdat niemand van ons weet wanneer hy/sy gaan sterf nie, doen dus vandag nog die verantwoordelike ding en kry u testament in orde.

Hoekom 'n deskundige gebruik?

Die afgelope twee dekades reeds het verskeie instansies die mens bederf deur “gratis” vir hulle 'n testament op te stel. As jy egter mooi hieroor nadink sal jy besef dat jy niks gratis gekry het nie. Intendeel die instansies het hulle

kostes verhaal deur vir jou 'n jaarlikse bewaringsfooi te vra, en/of die kostes deur ander administratiewe fooie te verhaal. Hulle stel ook hulself as Eksekuteur aan en word die boedel dan beredder teen die maksimum toegelate eksekuteursvergoeding, om nie eers te praat van die tyd wat geneem word om die boedel af te handel nie.

Waar die instansie vir jou die testament "gratis" gedoen het moet jy jousef die vraag afvra of die instansie werklik die nodige aandag geskenk het aan die opstel van die testament en of hulle nie net dalk die testament gratis in die "pakkie" gegooi het omdat hulle reeds 'n ander produk aan jou verkoop het nie?

Na die afsterwe van die testateur is hy/sy nie meer daar om te se wat met sy bates moet gebeur nie en indien hy/sy nie 'n testament opgestel het nie, sal sy bates intestaat vererf. Die belangrikheid van 'n geldige testament, soos reeds hierbo bespreek, kan dus nie genoeg benadruk word nie. Net soos die feit dat jy geen testament het nie oneindig baie probleme kan veroorsaak, netso sal 'n testament opgestel deur 'n persoon wat oor onvoldoende kennis beskik fataal wees wanneer die testament/boedel beredder moet word.

Deur van 'n deskundige gebruik te maak kan u baie moeite, tyd en geld spaar, om nie eers te praat van die emosionele lyding wat u kan verhoed wanneer die boedel beredder moet word nie.

Probleme met die beredderingsproses

Die vraag word dikwels gevra "Hoekom neem dit solank om 'n boedel te beredder?" Die antwoord hierop is drieledig:

1. Die wetlik voorgeskrewe prosedure is uitgerek.
2. Die Eksekuteur of sy gevolmagtigde is onbevoeg en/of gee nie die nodige aandag aan die beredderingsproses nie.
3. Die Eksekuteur sukkel om al die nodige inligting bymekaar te kry.

Aan die eerste een kan u ongelukkig nie veel doen nie, want die Meester van die Hooggeregshof het sy eie metodes en pas. Die ander twee redes kan u egter tot 'n groot mate aanspreek deur voor u dood die nodige te doen.

Dit gebeur dikwels dat 'n kind of die nagelate gade aangestel word as Eksekuteur en dan vir 'n lang tyd eers self probeer om die bereddering te doen, net om later agter te kom dis nie so maklik nie en kan hy/sy nie self daartoe toesien nie. Die proses word dan eers oorgegee aan 'n gekwalifiseerde beredderaar (gevolmagtigde) wie soms lank sukkel om al die drade opgetel en die beredderingsproses weer op dreef te kry.

Daar is niks verkeerd daarmee om 'n familielid as Eksekuteur aan te wys nie (gewoonlik gedoen om dalk koste te spaar deur Eksekuteursvergoeding te beding), maar bespreek in u leeftyd met hom/haar die implikasies en rig 'n versoek dat hy/sy van die begin af gebruik maak van 'n kundige. Heel moontlik kan u al u voorkeur persoon/firma nomineer in u testament.

Dit gebeur dikwels dat 'n Eksekuteur/Gevolmagtigde aangestel word wat wel die nodige kennis het, maar spesialiseer sodanige persoon nie in boedelbereddering nie en kry sy normale dag tot dag take voorrang terwyl die bereddering aan die agterste speen suig. Sorg dat wie ook al die bereddering hanteer spesialiseer en die nodige infrastruktuur het om aangeleenthede soos inkomstebelasting, kapitaalwins, boedelbelasting, aanwaseise ens. te hanteer.

Die gogga wat die grootste vertragings veroorsaak is gebrekkige inligting. As u dalk een van daardie persone is wat nie wil hê enigiemand moet weet wat in u sake aangaan nie, sorg dan ten minste dat u in u kluis 'n opsomming het van al u bates en laste en dat u kontrakte daar gebêre is. Onthou die Eksekuteur moet al u sake afhandel, soos u dit self sou gedoen het, maar dalk sonder inligting wat u slegs in u kop “geliasseer” het.

Van die mees algemene probleme wat die bereddering van 'n boedelvertraag, is:

1. Die oorledene se gade is oorlede of u het 'n reg geërf uit 'n vooroorlede boedel. Die Meester benodig die boedelnommer en Meesterskantoor waar hierdie boedel beredder is. In die meeste gevalle weet niemand of beskik hulle nie eers oor die volle name en geboortedatum van hierdie persoon nie.
2. Weet u kinders/erfgename waar en wanneer u getroud is?
3. Weet u erfgename of u voorheen getroud was en wie en waar daardie gade is?
4. Weet u kinders of gade (erfgename) waar al u poliskontrakte, aandeel-sertifikate, Huwelikskontrak, beleggings, Transportaktes ens. is?
5. Weet u kinders of gade (erfgename) wat die volle name en geboortedatum van u ouers is?

Ander aspekte wat u ook in ag moet neem is die volgende: Is daar genoeg kontant in u boedel of gaan dit die Eksekuteur se onaangename taak wees om 'n erfgenaam se erfenis te verkoop om skulde, inkomstebelasting, boedelbelasting, of kapitaalwinstbelasting te betaal? Is u testament nie net regstegnies korrek nie, maar ook prakties uitvoerbaar – of gaan dit 'n meulsteen om u erfgename se nek wees?

Hoe dit ook al sy, die beste advies bly steeds dat u u naasbestaandes en/of eksekuteur presies inlig oor wat in u sake aangaan terwyl u nog lewe.

Nut van 'n behoorlike Boedelbeplanning

Die doel van boedelbeplanning is om te verseker dat die oorledene se erfgename die maksimum voordeel trek uit die swaarverdiende bates van die oorledene.

Wanneer 'n persoon afsterf vorm alle bates en laste, soos op datum van afsterwe, deel van sy/haar boedel. Indien so 'n boedel nie vroegtydig en deeglik beplan is nie, kan dit onnodiglik die boedel blootstel aan boedelbelasting.

U behoort ten alle tye poog om potensiële boedelbelastings so laag moontlik te hou. Voormelde kan vermag word deur vroegtydige en behoorlike boedelbeplanning asook deur voorsiening te maak vir voldoende kontant om sulke belastings te delg.

In gevalle waar daar nie behoorlike boedelbeplanning deur die oorledene gedoen is nie kan dit sy of haar erfgename benadeel:

- Die afhandelingsproses kan onnodiglik verleng of vertraag word.
- Die omvang van die erfenis kan verminder word deur 'n kontanttekort in die boedel.
- Moontlike wrywing tussen die erfgename as gevolg van, byvoorbeeld, die eweredige verdeling van die bates.

'n Kontanttekort in die boedel kan op sy beurt weer verder lei tot:

- Rentendraende eise wat weer verdere rente veroorsaak omdat dit nie spoedig afgehandel kan word nie.
- Verkoop van bates waar die ekonomiese klimaat nie goedgeunstige pryse behaal nie.
- Gedwonge verkope van bates, soos byvoorbeeld 'n familieplaas wat vir generasies aan die familie behoort het.
- Erfgename wat in 'n finansiële krisis verval as gevolg van hul poging om die gedwonge verkoop van bates af te weer.

Dit is dus duidelik dat die dienste en hulp van 'n professionele boedelbeplanner noodsaaklik is.
